Hoofstuk 9 Berou / Surah Al-Taubah

So genoem omdat dit aankondig dat die berou van Moslems aanvaar is. Die laaste twee verse bring die regte perspektief

(Hierdie is die enigste Hoofstuk waar die gewone aanhef nie verskyn nie omdat dit skynbaar nie geopenbaar was nie, en die Profeet ook nie die skrywer beveel het om dit in te voeg nie, waarskynlik omdat die Hoofstuk veronderstel is om deel van Hoofstuk 8 te wees? Allah weet die beste!)

1. Hierdie is 'n onttrekking wat afgekondig word deur Allah en waarmee alle vredesooreenkomste met die Assosieerders van vennote met Allah, onttrek word.

2. Julle mag vir vier maande vryelik in die land rondbeweeg, maar verseker daarvan dat julle Allah nooit kan oorwin nie en dat Allah op die punt staan om die ongelowiges in die skande te bring.

3. Hier is 'n aankondiging deur Allah en Sy Boodskapper aan die mense op die dag van die groter Pelgrimstog, en dit is dat Allah en Sy Boodskapper vry is van enige verpligting teenoor die Assosieerders. Nou, as julle berou het sal dit goed wees vir julle. Maar as julle jul rug op hierdie uitnodiging draai, wees dan verseker dat julle Allah nooit kan oorwin nie. En gee aan die ongelowiges die "goeie" nuus van 'n pynlike straf.

4. Behalwe vir die Assosieerders met wie jy 'n vredesooreenkoms het, wat nie enige inbreek gemaak het op julle regte nie en ook niemand teen julle ondersteun het nie. Kom die ooreenkoms met hulle na vir die volle termyn daarvan. Waarlik Allah is lief vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

Die Vers van die Swaard

5. Wanneer die vier maande dan verstryk het, maak die Assosieerders dood net waar julle hulle vind. Vang hulle, beleër hulle en sit oral en wag vir hulle in lokvalle. Dan, indien hulle berou het, en begin om te Allah alleen te Aanbid en die Armebelasting betaal, laat hulle vry. Allah is die Meesvergewend, Baiegenadig.

6. Indien enige van die Assosieerders julle om beskerming vra, en meer van Islam wil leer, gee aan so 'n persoon beskerming totdat hy na die Woord van Allah luister, laat hom dan sy plek van veiligheid bereik. Hierdie reël is gemaak omdat hulle 'n volk is wat nie van beter weet nie en sodat hulle van Islam kan leer.

7. Hoe kan die Assosieerders 'n vredesooreenkoms hê met Allah en Sy Boodskapper? Behalwe nou die met wie jy 'n ooreenkoms aangegaan het en wat dit eerbiedig ten opsigte van die Haram Moskee. Solank as wat hulle 'n reguit pad met jou loop, loop 'n reguit pad met hulle. Waarlik Allah is lief vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

8. Hoe kan jy 'n vredesooreenkoms hê met diegene wat as hulle die oorhand oor jou sal kry, nie daardie ooreenkoms sal eerbiedig nie. Hulle wil jou gerus en tevrede stel met woorde, maar hulle harte is onwillig om hul woorde te eerbiedig. Meeste van hulle is sondaars.

9. Hulle het 'n onbeduidende bedrag aanvaar vir die verse van Allah, en so die volk weerhou daarvan om binne die Wil van Allah te lewe. Dit wat hulle mee besig was, is inderdaad boos.

10. Hulle eerbiedig nie soos die gelowiges enige vredesooreenkoms nie. En hulle is die oortreders.

11. Maar, wanneer hulle berou het en begin om Allah alleen te Aanbid en die Armebelasting betaal, dan is hulle broeders in geloof. Ons verduidelik die verse breedvoerig vir diegene wat verstaan.

12. Indien hulle hul ede verbreek nadat hulle 'n verdrag gesluit het en lelik praat van Islam, beveg dan die leiers van die ongeloof sodat hulle sal ophou want hulle het inderwaarheid geen ede nie.

13. Sal jy nie 'n volk beveg wat hul ede verbreek het nie en saamgesweer het om die Boodskapper te verban en in elk geval eerste met jou begin veg het nie. Het julle 'n heilige ontsag en respek vir hulle sodat julle eintlik bang is vir hulle. In daardie geval is Allah waardiger dat julle 'n heilige ontsag en respek vir Hom sal hê, dis nou as julle gelowiges is.

14. Beveg hulle, sodat Allah hulle deur julle hande* kan straf en in die skande kan bring, en julle kan help om hulle te oorwin en verligting kan bring tot die beangste en gepynigde harte van 'n gelowige volk wat soveel gely het onder die ongelowiges, (*K47:4)

15. en sodoende die opgekropte gevoelens van woede van hulle harte kan verwyder. Allah is toegeeflik teenoor wie Hy wil. Allah is Alwetend en Alwys.

16. Dink julle, julle gaan alleen gelaat word laat alvorens Allah gesien het wie van julle in die Stryd veg en nooit iemand anders as Allah, Sy Boodskapper en die gelowiges as vertrouelinge neem nie? Allah is Albewus van wat julle doen.

Gelowiges moet self die Moskees opbou

17. Dit is nie vir die Assosieerders om die Moskees van Allah op te bou nie, terwyl hulle getuies van hul eie ongeloof is nie. Hulle is diegene wie se goeie dade verlore gegaan het. En hulle sal vir ewig in die Vuur bly.

18. Feit is, die Moskees van Allah word slegs opgebou deur diegene wat glo in Allah en die Laaste Dag en Allah alleen Aanbid en die Doeanebelasting betaal en vir niemand ander as Allah 'n heilige ontsag en respek het nie. Dit is dus waarskynlik so dat hulle onder diegene is wat op die Regte Weg is, diegene wat binne die Wil van Allah lewe.

19. Beskou julle die verskaffing van water aan die Pelgrims en die instandhouding van die Haram Moskee as dade gelykwaardig aan die dade van iemand wat glo in Allah en die Laaste Dag en betrokke raak in die Stryd vir die saak van Allah? Hierdie dade is nie gelyk in die oë van Allah nie. En Allah lei in elk geval nie die mense wat verkeerd doen op die Regte Weg om binne Sy Wil te lewe nie.

20. Diegene wat geglo het en geëmigreer het en betrokke geraak het by Stryd vir die saak van Allah met hulle besittings en lewens word na groter waarde geag in die oë van Allah, en is die suksesvolles.

21. Hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer gee aan hulle die goeie nuus van Sy Genade, dat Hy baie Tevrede met hulle is en dit Hom baie Plesier verskaf en tuine met ewigdurende geluksaligheid vir hulle,

22. waar hulle vir ewig sal woon. Waarlik, dit is by Allah waar daar 'n groot beloning is.

23. Gelowiges, moenie julle vaders en julle broers as vriende neem wanneer hulle ongeloof bo Islam verkies nie. En wie ook al van julle met hulle bevriend is fouteer en tree verkeerd op.

24. Sê vir hulle: "Indien julle vaders en julle seuns en julle broers, julle eggenotes en julle familiegroepe, julle besittings wat julle verdien het en die handelstransaksies wat julle op hoop asook die huise waarvan julle hou vir julle kosbaarder is as Allah en Sy Boodskapper, en as Stryd vir die saak van Allah wag dan om te sien wat gaan gebeur wanneer Allah kom met Sy bevel, Sy oordeel en Sy straf. En wat meer is, Allah lei nie die sondaars op die Regte Weg om binne Sy Wil te lewe nie."

25. Allah het julle waarlik geseën met Sy hulp op menige Slagveld. Onthou julle die slag van Hunain, 'n plek naby Mekka, toe julle so trots was op julle getalle en dit julle niks gebaat het nie, en die aarde vir julle plat gemaak was te spyte van die uitgestrektheid daarvan en julle, en baie van julle, jul rûe op die geveg gedraai het en weggehardloop het.

26. daarna het Allah Sy kalmte gestuur op Sy Boodskapper en die gelowiges, tesame met magte wat julle nie kon sien nie en die ongelowiges gestraf. Dit is die vergelding van die ongelowiges.

27. En tog is Allah toegeeflik na dit teenoor wie Hy wil. Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

Die Assosieerders van Mekka is onrein en moet beveg word

28. Gelowiges, die Assosieerders is inderdaad onrein, Hulle is sigbaar onrein want almal kan dit sien, hulle is wetlik onrein omdat hulle nie nie die rituele reiniging doen waar nodig nie en in hulle harte is hulle onrein as gevolg van hulle valse geloof en sondige sedes. So moenie dat hulle naby die Haram kom vanaf die einde van die die negende jaar na Hijrah nie. Indien hierdie reëling vir julle armoede gaan veroorsaak omdat julle nou jul inkomste uit die handel met die Assosieerders gaan verloor, weet dan dat Allah, indien dit Sy Wil is,

julle selfonderhoudend sal maak deur sy gunsbewyse.

Vers 29 verwys na die Mense van die Boek, Jode en Christene wat beveg moet word

29. Beveg die mense van die Boek wat nie in Allah of in die Laaste Dag glo nie, en nie as verbode beskou dit wat Allah en Sy Boodskapper verbied het nie, en hulleself nie onderwerp aan die Geloof van die Waarheid nie totdat hulle en in nederigheid die voorgeskrewe Vergoeding met hul eie hande betaal het wat die doodstraf vir ongelowiges vervang: met hul eie hande bedoel dat dit betaal moet word in erkentlikheid en aanvaarding van die Moslem oorwinning en hulle gewilligheid om daaronder te lewe en nederigheid bedoel dat hulle daardeur die Islamitiese gemenereg erken en onderneem om daaraan gehoorsaam te wees.

30. Die Jode het gesê: “Esra is die Seun van Allah” en die Christene het gesê: “Die Christus is die Seun van Allah.” Dit is wat hulle uitgedink het en met hulle eie monde gesê het. Hulle klink baie soos die vroeëre ongelowiges wat gesê het dat die engele en hul afgode dogters van God was. Mag Allah hulle doodmaak want hoe vêr het hulle nie van die waarheid afgedwaal nie!

31. Hulle beskou hul Rabbies en Monnike as gode naas Allah, asook die Messias die seun van Maria. En hulle was beveel om net een God te aanbid. Daar is geen ander god as Hy nie. Hy is rein en nie besmet deur dit wat hulle met Hom assosieer nie.

32. Hulle wil Islam wat die die Lig van Allah is met hulle monde uitdoof, en Allah verwerp enigiets wat nie Sy Lig perfek maak nie, maak nie saak hoe die ongelowiges dit haat nie.

33. Hy is die een wat Sy Boodskapper gestuur het met leiding en die Geloof van die Waarheid, sodat hy dit laat seëvier oor elke ander geloof, maak nie saak hoe die Assosieerders dit mag haat nie.

34. Gelowiges, baie van die Rabbies en Monnike beroof die volk van hulle geld deur die verkoop van allerhande vals interpretasies en godsdienstige opdragte en beslissings en verhoed hulle om by die weg van Allah uit te kom en binne die Wil van Allah te lewe. Wat betref diegene wat vir hulleself goud en silwer bymekaarmaak en nie van dit vir die saak van Allah gee nie, gee aan hulle die “goeie” nuus van 'n pynlike straf

35. op die dag wanneer die Vuur in die Hel nog warmer gemaak sal word, en hulle voorkoppe, sye en rûe gebrandmerk sal word met: “Dit is wat julle vir julleself bymekaargemaak het: so voel nou hoe voel dit wat julle bymekaargemaak het.”

36. Volgens die Boek van Allah, die Bewaarde Tablet van van ewigheid af bestaan, is die getal maande van die jaar volgens Allah wat Hy op die skeppingsdag waarop Hy die hemele en die aarde gemaak het, twaalf, waarvan vier Heilige Maande is. Dit is reg om so te glo en nie hieraan enige wysigings aan te bring nie. So, moenie jouself hierin benadeel deur dit nie na te kom of die nodige respek daarvoor te hê. En staan saam in julle geveg teen die Assosieerders soos wat die Assosieerders saamstaan teen julle: wees verseker Allah is met die wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

37. Die uitstel van die maande is maar net 'n toename in die ontrou en ongeloof waardeur die ongelowiges mislei word. Die een jaar laat hulle dit toe om dit net weer die volgende jaar nie toe te laat nie, ten einde slegs te voldoen aan die getal maande wat Allah geheilig het, en sodoende toe te laat wat Allah verbied het. Die sondigheid van hulle dade is vir hulleself mooi. Allah lei nie die ongelowiges op die Regte Weg om binne Sy Wil te lewe nie.

38. Gelowiges, wat is fout met julle dat wanneer julle opgeroep word om te gaan veg by Tabuk en aan julle gesê word: “Kom sluit aan by die saak van Allah,” dat julle beswaard raak en aan die aarde vasklou. Het julle tevrede geraak met hierdie aardse lewe in plaas van die Hiernamaals? Die genietinge wat hierdie wêreld is maar min in vergelyking met die Hiernamaals.

39. As julle nie gaan aansluit by hierdie saak van Allah nie, sal Hy julle straf met 'n pynlike straf en sal Hy julle vervang met 'n ander volk: en onthou julle kan Allah geen skade aandoen nie. Allah het mag oor alles.

Allah is verseker met ons

40. Indien julle Mohammed nie help nie, maak dit nie saak nie, want Allah sal hom help soos Hy hom en Abu Bakr gehelp het toe die ongelowiges hom uitgedryf het uit Mekka uit en hulle in 'n grot by Thawr geskuil het. Abu Bakr was baie bekommer maar Mohammed het hom ewe koel en kalm gerusgestel: “Moenie bekommerd wees nie, Allah is verseker met ons.” So het Allah toe Sy kalmte en rustigheid op Abu Bakr neergestuur en hom versterk met onsigbare soldate en sodoende die dreigemente van die ongelowiges waardeloos gemaak. Die Woorde van Allah egter is die hoogste. Allah is Magtig en Wys.

41. Kom, sluit aan by die saak van Allah teen die Romeinse Christene by Tabuk, almal van julle, maar of vet, ryk of arm, swak of sterk. En wend julle geld en julle lewens aan in die Stryd in die saak van Allah. Dit is goed vir julle as julle dit maar net wil besef. (K9:91)

42. As daar 'n wins uit te make was en binne redelike afstand, dan sou hulle jou verseker gevolg het, maar hierdie moeilike doelwit is te vêr vir hulle. En dan sweer hulle ook nog by Allah: “As ons net kon sou ons saam met jou gegaan het.” hulle ruïneer hulleself. Allah weet dat hulle leuenaars is.

Die volgende 17 verse handel meesal oor mense wat voorgegee het wat hulle nie is nie, en toestemming by die Profeet gekry het om verskoon te word van die Stryd by Tabuk.

43. Mohammed, Allah het jou vergewe: maar hoekom het jy hierdie mense wat voorgee wat hulle nie is nie en voorgegee het dat hul aansoeke om verskoon te word van die Stryd by Tabuk, almal voor die voet toestemming gegee voordat diegene wat die waarheid praat duidelik onderskeibaar was, en jy met sekerheid kon weet wie die leuenaars was.

44. Diegene wat in Allah en in die Laaste Dag glo, weet watter beloning wag vir die wat goeie dade doen, en vra nie vir jou om verskoon te word van die Stryd ten opsigte van hulle geld en lewens nie. Allah weet wie 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

45. Slegs diegene wat nie in Allah en die Laaste Dag en die meegaande belonings vir goeie dade glo nie, vra jou om verskoon te word, asook diegene wie twyfel in hulle harte het en so vasgevang is daarin dat hulle net nie seker is wat om te besluit nie.

'n Verskoning is slegs aanvaarbaar as dit buite menslike beheer was

46. As hulle regtig wou deelneem aan die saak van Allah sou hulle die nodige voorbereidings getref het, maar Allah het nie daarvan gehou dat hulle deelneem nie, en hulle daarvan weerhou, deurdat vir hulle gesê was: “Bly agter saam met diegene wat agterbly”

47. Indien hulle wel sou saamgegaan het sou hulle in elk geval niks bygedra het nie behalwe moeilikheid en net wanorde veroorsaak het met hulle hul eie vertwyfeling en los praatjies, deurdat hulle met negatiewe praatjies dalk ook nog die gewilliges maar swakkeres kon beïnvloed het.

48. Hierdie mense het al vroeër tydens die slag van Uhud gepoog om wanorde te saai en daardeur dinge vir jou moeilik te maak, voordat die Waarheid bekend gemaak is en die Wil van Allah geseëvier het met die oorwinning by Uhud.

49. Tussen hulle is daar iemand, ene Jadd, wat die feit dat hy nog te jonk en onervare is as verskoning gebruik en wat sê: “Laat my toe om agter te bly, moenie my blootstel daaraan dat ek dalk verlei word deur een van die vroue van die Romeinse Christene nie.” Kyk nou net! Hy besef dit nie maar deur so 'n verskoning uit te dink is hy reeds verlei deurdat hy sy eie verbeelding toelaat om 'n opdrag van Allah te verontagsaam, en sodoende reeds op pad is Hel toe.

50. As iets goeds met jou gebeur irriteer dit hulle eindeloos, en indien jy swaarkry, dan sê hulle: “Ons het reeds ons probleem opgelos deur nie deel te neem aan die Stryd nie,” en is hulle heel tevrede met hulleself.

Vers 51 fokus skerp op wat vir ons Bestem is (Taqdir) en vertroue(Tawakkul)

51. Sê vir hulle: “Niks kan met ons gebeur nie tensy dit die Wil van Allah vir ons is nie: dit is so vir ons beskrywe. Hy is in beheer van ons

lewens. Gelowiges moet hul verantwoordelikhede nakom en geleenthede gebruik maar dan berus op wat bestem is: hulle moet net in Allah alleen hul vertroue plaas vir die eindresultaat."

52. Sê verder vir hulle: "Wat anders wens julle ons toe as om martelaars en oorwinnaars te wees? Ons weer verwag dat Allah julle wat nie glo nie self gaan straf of ons gaan gebruik om julle te straf. So wag dan maar: ons wag saam met julle om te sien wat gaan gebeur."

53. En sê vir hulle: "Of julle dus gewillig of gedwonge julle geld en lewens aanwend vir die saak van Allah, dit sal nooit van julle aanvaar word nie. Julle is 'n sondige volk."

54. Die aanvaarding van dit wat hulle aangewend het vir die saak van Allah is deur niks anders verhinder nie as net die feit dat hulle nie in Allah en in die Boodskapper geglo het nie. En as hulle na die Aanbidding toe kom is dit lui-lui en wanneer hulle iets spandeer het op dis saak van Allah was dit gedwonge.

55. Moet dus nie dat hul rykdom en hulle kinders vir jou aantreklik lyk nie. Feit is dat Allah hulle daarmee wil straf gedurende hierdie aardse lewe eb dat hulle siele hulle sal verlaat terwyl hulle nog ongelowiges is.

56. Hulle sweer by Allah dat hulle een van julle is, terwyl die waarheid is dat hulle nie een van julle is nie, maar 'n volk is wat in vrees lewe.

57. Hierdie mense is so angstig, as hulle net 'n plek van veiligheid kon vind waarheen hulle kon vlug of 'n grot of enige plek waar hulle net in kon wegkruip, sou hulle onkeerbaar daarheen hardloop.

Sadaqat of Aalmoese

58. Daar is ook diegene wat fout vind met jou rakende die Aalmoesestelsel. wanneer hulle egter van dit gegee word dan is hulle heel tevrede maar net sodra as wat hulle niks kry nie, dan raak hulle ontevrede.

59. As hulle maar tevrede was met dit wat Allah en Sy Boodskapper hulle gegee het, en gesê het: "Allah is algenoegsaam vir ons: ons het Allah en het dus niks meer nodig nie. Allah sal ons meer van Sy guns gee, en so ook Sy Boodskapper. Waarlik ons begeerte en ons hunkering is slegs maar na Allah."

60. Hierdie voorgeskrewe Aalmoese is verpligtend en is slegs bedoel vir die armes, die behoeftiges, diegene wie se taak dit is om dit in te samel, diegene wie se harte vir Islam gewen moet word, vir die vrykoop van slawe, om die wat in skuld is daaruit te koop en vir die behoeftige reisigers ten einde hul bestemming te bereik. Allah is Kundig en Wys.

61. Daar is ook diegene wat die gevoelens van die Profeet seermaak en sê: "Hy is net 'n oor: hy glo alles wat Hy hoor." Sê aan hulle: "Hy is 'n goeie oor vir diegene wat in Allah glo want hy glo die gelowiges en is 'n genade vir die van julle wat waarlik geglo het." Vir diegene wie die Boodskapper van Allah seermaak, is daar 'n swaar straf.

62. Gelowiges, hierdie mense sweer vir julle by Allah net om julle tevrede te hou, terwyl Allah sowel as Sy Boodskapper groter reg het om deur hulle tevrede gestel te word, as hulle ware gelowiges was.

63. Het hulle nog nie agtergekom dat om Allah en Sy Boodskapper teë te gaan gaan veroorsaak dat hulle in die vuur van die Hel gaan beland en dat hulle vir ewig daar sal bly nie Dit is die grootste denkbare skande en vernedering.

64. Die mense wat voorgee om te wees wat hulle nie is nie, is bevrees dat Allah 'n hoofstuk oor hulle sal openbaar wat aan hulle vertel wat daar in hulle harte is. Sê aan hulle: "Hou maar aan met spot. Allah gaan nog waarlik doen net waarvoor julle bang is."

65. En as julle hulle vra, dan sal hulle antwoord: "Ons gesels maar net lekker" Sê vir hulle: "Is dit Allah en Sy verse en Sy Boodskapper waarvan julle grappies maak?"

66. Moenie verskonings maak nie. Julle het ongelowiges geword nadat julle die Geloof bely het. As ons sommige van julle vergewe, sal ons sommige van julle straf, omdat hulle skuldig was.

67. Die mense wat voorgee wat hulle nie is nie, mans en vrouens, is almal dieselfde. Hulle beveel onsedelikheid en verbied sedelikheid en hou hulle hande toe wanneer hulle aan Stryd moet deelneem of wanneer hulle, hul verpligte regte en verantwoordelikhede moet nakom. Hulle het Allah vergeet en Hy het hulle vergeet. Waarlik, die mense wat voorgee wat hulle nie is nie, is die sondaars.

68. Allah het die vuur van die hel belowe aan diegene wat voorgee wie hulle nie is nie, manne en vroue en aan die ongelowiges wat vir ewig daar sal bly. Dit is genoeg vir hulle. En Allah het Sy vloek op hulle geplaas, en vir hulle is daar 'n voortdurende straf.

69. Julle, die Moslems is maar net soos diegene voor julle. Hulle was wel sterker as julle wat krag aan betref, en ryker ten opsigte van besittings en kinders. Maar net soos wat hulle hul deel geniet het, so geniet julle, julle deel. En julle gee julleself oor soos wat hulle hulself oorgegee het. Hulle is diegene wie se dade verlore gegaan het in hierdie wêreld en in die Hiernamaals, en hulle is die verloorders.

70. Het die nuus van wat met diegene voor hulle gebeur het, hulle dan nie bereik nie: van Noag en sy mense, en van Ad en Thamud, asook die mense van Abraham en die mense van Median, en die nuus van omgekeerde dorpe? Hulle Boodskappers het na hulle toe gekom met duidelike boodskappe en tekens want Allah wou nie dat hulle benadeel sou word nie: dit was dus nie Allah wat hulle benadeel het nie, inteendeel hulle het hulleself benadeel.

71. Die gelowige manne en vroue is vriende met mekaar, maar anders as diegene wat voorgee wat hulle nie is nie en wat hul vriendskappe baseer op funksionele samewerking tussen familie en op eiebelang, is die vriendskappe van gelowiges opreg, wens hulle mekaar die beste toe en word die stabiliteit daarvan gewaarborg deurdat dit deur Allah en vir Allah in stand gehou word. (K19:96) Hulle beveel die sedelikheid en verbied die onsedelikheid, Aanbid gereeld, betaal die Armebelasting en is gehoorsaam aan Allah en Sy Boodskapper. Hulle sal Allah seën met genade. Waarlik Allah is Magtig en Wys.

72. Allah het aan die gelowige manne en vroue tuine belowe waaronderdeur riviere vloei en waar hulle vir ewig sal woon met goeie huise in tuine van die ewigheid. En die grootste saligheid is geleë in die wete dat Allah tevrede* is. Dit is die hoogste sukses wat daar is. (*K48:29)

73. Profeet Mohammed, voer Stryd teen die ongelowiges en diegene wat voorgee wat hulle nie is nie en wees streng met hulle in jou toepassing van die wette van Islam. Hul woonplek is die Hel en dit is 'n slegte eindbestemming.

Die wat voorgee wat hulle nie is nie hou aan om woorde van ongeloof te uiter

74. Hulle, soos Jullas, sweer by Allah dat hulle niks gesê het nie, terwyl hulle inderdaad woorde van ongeloof gepraat het en ongelowig gewees het nadat hulle Islam aangeneem het en selfs probeer het om die Profeet dood te maak maar dit nie kon regkry nie. Die haat wat hulle vertoon het was teen niks anders nie as net teen die guns van Allah waarmee Allah en die Boodskapper hulle verryk het. As hulle berou sou kry, sal dit vir hulle goed wees maar indien hulle hul rug sou keer op hierdie uitnodiging sal Allah hulle straf met 'n pynlike straf in hierdie wêreld en in die Hiernamaals. En vir hulle is daar nie 'n vriend of 'n helper op hierdie aarde nie.

75. Van hulle het ook 'n plegte belofte aan Allah gemaak dat: "As Allah ons begunstig met rykdom, dan sal ons Aalmoese gee en van die wees wat nie sonde doen nie."

76. Maar net sodra as wat Hy hulle begunstig met rykdom , dan raak hulle suinig daarmee en keer hulle terug na hul ou manier van doen en maak hulle asof hul plegtige belofte teenoor Allah nie bestaan nie.

77. Die gevolg was dat Allah hulle in hulle harte mense gemaak het wat voorgee wat hulle nie is nie, en hulle sal so bly tot die dag wat hulle Hom sal ontmoet, omdat hulle hul belofte met Allah verbreek het en omdat hulle leuens vertel het.

78. Het hulle nie besef dat Allah weet wat hulle wegsteek en wat hulle fluister nie en dat Allah die Welbewuste van al die ongesiene is nie.

79. Diegene wat fout vind en die spot dryf met met die gelowiges wat vrywillig Aalmoese terwyl hulle niks meer besit nie as net hul swaar verdiende geldjies nie: hulle sal deur Allah bespot word met straf en vir hulle is daar 'n pynlike straf.

Diegene wat voorgee om te wees wie hulle nie is sal nooit vergewe word nie

80. Dit maak geen verskil of jy namens hulle om vergifnis gaan vra of nie, want al sou jy sewentig keer namens hulle om vergifnis vra, Allah sal hulle nooit vergewe nie. Dit is omdat hulle nie in Allah en Sy Boodskapper geglo het nie. Allah lei nie die mense wat sonde doen op die Regte Weg nie. (K9:84)

Die gedragspatrone van diegene wat voorgee wie hulle nie is nie en nie deelgeneem het aan die Slag van Tabuk nie, ten spyte van die algemene oproep tot Stryd

81. Diegene wat agtergelaat was, was gelukkig met die feit dat hulle teruggesit het of die Boodskapper van Allah nou ontevrede daarmee was of nie. Hulle het nie daarvan gehou om met hul geld en hulle lewens deel te neem aan die Stryd in die saak van Allah nie en het gesê: “Dis te warm, moenie nou opmars nie.” Sê aan hulle: “Die vuur van die Hel is baie warmer,” as hulle net maar sou verstaan.

82. So, laat hulle nou maar bietjie lag hier op aarde, hulle groot huil kom nog in die Hiernamaals: die beloning vir wat hulle verdien het.

83. Dan, as Allah jou terugbring na hierdie Slag en 'n groep van hulle vra jou toestemming om deel te neem aan die volgende opmars, moet jy vir hulle sê: “Julle sal nooit weer saam met my aan 'n opmars deelneem nie, en julle sal nooit weer in my teenwoordigheid die vyand kan beveg nie. Julle was tevrede om die eerste keer terug te sit en nie deel te neem nie, gaan sit nou maar weer by die wat agtergebly het.”

84. En moet ook nie vir enige van hulle wat sterf 'n gebed doen nie en ook nie by so 'n persoon se graf staan nie. Hulle het nie in Allah en Sy Boodskapper geglo nie en het gesterf terwyl hulle sondaars was.

85. Moenie dat hulle rykdom en hulle kinders vir jou aantreklik en aanloklik lyk nie. Allah wil hulle net daarmee straf in hierdie wêreld en dat hulle siele hulle verlaat terwyl hulle ongelowiges is.

86. Wanneer 'n openbaring tot jou kom wat sê: “Glo in Allah en neem deel aan die Stryd saam met Sy Boodskapper” dan vra diegene onder hulle wat daartoe in staat is om te gaan veg jou toestemming en sê: “Laat ons agterbly saam met diegene wat terugsit.”

87. Hulle is maar te bly om te kan agterbly saam met die vroue wat nie saamgaan nie, en hulle harte is verseël sodat hulle nie verstaan wat tot hulle bevoordeel is en wat hulle benadeel nie.

88. Maar vir die Boodskapper en die gelowiges wat saam met hom was wat met hulle geld en hulle lewens aan die Stryd deelgeneem is daar die goeie dinge en hulle is suksesvol.

89. Allah het vir hulle voorberei tuine waaronderdeur riviere vloei waar hulle vir ewig sal lewe. Dit is die hoogste vorm van sukses.

Die Woestynswerwers wil ook verskoon word van die Stryd

90. Die verskoningmakers van die Bedoeïene, die woestynswerwers, het ook gekom om te vra dat hulle ook toegelaat sou word om agter te bly, terwyl daar ander was, die wat nie opreg met Allah en Sy Boodskapper was nie, wat nie eers hulleself verwerdig het om te kom vra nie: hulle het sommer net weggebly. 'n Pynlike straf gaan binnekort diegene tref wat ongelowig is.

Die wat vrygespreek is van die Stryd

91. Die swakkes, siekes en diegene wat niks het wat hulle op die Stryd kan spandeer nie word nie verkwalik as hulle nie aan die Stryd deelneem nie, op voorwaarde dat hulle opreg is teenoor Allah en Sy Boodskapper. Daar is dus geen gronde vir optrede teen hulle as hulle mense is wat goeie dade doen nie. En Allah is Meesvergewend en Baiegenadig.

92. Selfs diegene wat na jou toe kom en bereidwillig is om te gaan maar nie hul eie vervoer kan verskaf nie en vir wie jy nie vervoer gereël kan kry nie, en vir wie jy moet sê: “Ek kry nie vir jou vervoer nie,” word nie verkwalik as hulle moet agterbly nie, en wat dan met betraande oë moet omdraai, so teleurgesteld dat hulle nie dit besit wat nodig is om aan die Stryd deel te neem nie.

93. Wie egter inderwaarheid skuldig staan is diegene wat toestemming vra om verskoon te word ten spyte daarvan dat hulle ryk is. Hulle is maar te bly om by die vroue wat agterbly te wees. Allah het hulle harte verseël sodat hulle nie verstaan wat tot hulle voordeel is en wat hulle benadeel nie.

Die volgende verse was openbaar voor die Profeet se terugkeer na Medina na afloop van 'n geveg

94. Wanneer jy terugkeer van die slagveld af gaan hulle allerhande verskonings aanbied. Sê dan vir hulle: “Moenie verskoning maak nie. Ons sal jou in elk geval nooit glo nie. Allah het reeds vir ons die feite aangaande jou vertel. Allah en die Boodskapper wil sien hoe jy die saak van hier af gaan hanteer: As jy berou het en ophou om voor te gee wat jy nie is nie, sal jy vergewe word, maar as jy nie, dan sal verskonings jou niks help nie. Dan sal jy teruggeneem

word na die Kenner van die Gesiene en die Ongesiene, en Hy sal jou vertel waarmee jy besig was.

95. Hulle sal voor jou by Allah sweer, net sodat jy hul oortreding deur nie deel te neem aan die Stryd nie, sal oorsien en hulle die berisping sal spaar. Ignoreer hulle net. Hulle is vuilgoed, en hulle woonplek is die Hel, as 'n vergelding vir dit wat hulle gedoen het.

96. Hulle sweer in jou teenwoordigheid sodat jy met hulle tevrede sal wees. Weet net, dat al is jy dalk tevrede met hulle, Allah is nie tevrede met hierdie sondige mense nie.

Waar die vorige verse die mense van Medina wat voorgee wat hulle nie is nie, beskryf, beskryf die volgende verse die Woestynswerwers wat voorgee wat hulle nie is nie

97. Die Woestynswerwers wat in die woestyn rondom Medina woon is dikwels geneig om meer ongelowig te wees en meer voor te gee wat hulle nie is nie, waarskynlik omdat hulle ook meer onkundig en oningelig is wat betref die beperkinge wat Allah deur Sy Boodskapper geopenbaar het juis omdat hulle so vêr van kennis en diegene met kennis af woon. Allah is Alwetend en Wys.

98. Die ongeloof in hierdie mense se harte is so oorweldigend dat hulle die Armebelasting as 'n boete beskou en as geld wat vermors is en so bly is as iets slegs, volgens die siklusse van tyd, tog net met die Moslems gebeur sodat hulle die Armebelasting kan vryspring. Die slegte dinge wat hulle die Moslems toewens gaan egter met hulle gebeur. Allah is die Alhorende, die Alwetende.

99. Maar daar is ook van hulle wat in Allah en die Laaste Dag glo en die geld wat hulle spandeer as Armebelasting of as Aalmoese beskou as 'n bron van nabyheid aan Allah en hoop dat die Boodskapper vir hulle ook sal bid*. Dit is inderdaad 'n bron van nabyheid vir hulle. Allah sal hulle in Sy genade opneem. Waarlik Allah is Meesvergewend, Baiegenadig. (*K9:103)

100. Allah is tevrede met die eerste van die Emigrante en die Ondersteuners en ook met almal wat daarna in hulle voetspore gevolg het ten opsigte van alles wat goed en reg is. En hulle is ook tevrede met Allah en Hy het vir hulle tuine voorberei waaronderdeur riviere vloei waar hulle vir ewig sal woon. Dit is die hoogste vorm van sukses denkbaar.

Onder die Woestuinswerwers is daar verskuildes wat nie regtig is wat hulle voorgee om te wees nie

101. Van die Woestynswerwers en mense van Medina wat om jou is, is daar diegene wat voorgee wat hulle nie is nie. Hulle het die kuns verfyn om voor te gee wie hulle nie is nie. Jy sal nie weet wie hulle is nie. Ons weet wie hulle is. Ons gaan hulle dubbeld straf: eerstens deur die selfverterende wete dat hulle heeltyd bedag moet wees daarop om nie hul ware kleure te wys nie en die feit dat hulle ten spyte van die feit dat hulle Islam verafsku tog ten volle soos Moslems moet leef en tweedens deur die straf van die graf , waarna hulle na 'n groot straf gedryf sal word: die van die Oordeelsdag.

Die vierde groep is die opregte Moslems wat geen verskoning gehad het nie maar net te lui was om aan die Slag van Tabuk deel te neem

102. En dan is daar die ander wat hul sonde erken dat hulle as gevolg van luiheid en gemaksugtigheid nie deelgeneem het aan die Slag van Tabuk nie en dat waar hulle gewoonlik net gehoorsame Moslem lewens lei hulle nou hierdie keer sonde gedoen het. Allah sal waarskynlik toegeeflik wees teenoor hulle. Waarlik Allah is

Meesvergewend, Baiegenadig.

103. Ten einde hulle te verskoon en te reinig van hulle sonde moet jy van hulle 'n verpligte Aalmoes invorder wat een derde van hulle rykdom beloop. En bid dan vir hulle dat Allah hulle sal genadig wees en sodat hulle deur jou gebed vrede sal kry. Allah is Alhorend en Alwetend.

104. Het hulle nog nie agtergekom dat Allah die Een is wat die berou van Sy diensknegte aanvaar en die Aalmoese ontvang , en dat Allah Meestoegeeflik en Baiegenadig is nie.

105. Sê vir hulle: "Wat julle dus ook al doen, hou net in gedagte dat Allah, die Boodskapper en die gelowiges sien wat julle doen. En julle gaan teruggebring word na die kenner van die Gesiene en die Ongesiene, waar Hy vir julle gaan vertel wat julle gedoen het.*" (*K53:39)

106. Die beslissing oor wat moet gebeur met diegene egter wat nie hul sonde van luiheid en gemaksugtigheid erken het en nie berou het nie, is uitgestel totdat daar 'n opdrag van Allah af kom: Allah sal of toegeeflik teenoor hulle wees of hulle straf. Allah is die Alwetende, die Wyse.

Soos in van die vorige verse noem die volgende verse nog 'n sameswering deur diegene wat voorgee wie hulle nie is nie

107. Dan is daar diegene wat 'n Moskee laat bou het ten einde moeilikheid en ongeloof te veroorsaak, om verdeeldheid tussen die gelowiges te veroorsaak en om voorbereidings te tref vir die een wat oorlog maak teen Allah en Sy Boodskapper vir 'n geruime tyd. Hierdie mense sal hoog en laag sweer en sê: "Ons het dit net goed bedoel." Maar Allah getuig dat hulle leuenaars is want hulle het 'n verskuilde agenda en die Moskee is nie in opregtheid gebou nie."

108. Moenie ooit in daardie Moskee, die Dirar Moskee, gaan Aanbid nie. Om die waarheid te sê: "Die Quba Moskee wat julle self in Quba, 'n voorstad van Medina gebou het, en wat gebou is op Vroomheid en 'n heilige respek vir Allah, is julle Aanbidding baie meer waardig. In hierdie Moskee Aanbid mense wat daarvan hou om hulleself fisies en geestelik rein te hou, en Allah hou baie van diegene wat reinheid handhaaf."

109. Wie is beter: die persoon wat 'n Moskee oprig en dit bou op 'n heilige ontsag en respek vir Allah en vir die plesier van Allah of die persoon wat 'n Moskee oprig op die rand van 'n afgrond wat op die punt is om in te stort, en wat dan inderdaad later saam met hom in die vuur van die Hel ingestort het.? Allah gee nie leiding aan die mense wat nie binne Sy Wil lewe nie.

110. Die gebou wat hulle opgerig het is die oorsaak daarvan dat hierdie mense voortdurend sal toeneem in twyfel, afguns, en ergernis dat hulle meer en meer sal voorgee wat hulle nie is nie reg tot aan die einde van hulle lewens. Allah is die Alwetende, die Wyse.

Die volgende verse behandel die eerste Eed van Getrouheid wat nuwe Moslems afgelê het by Aqabah in Mina

111. Waarlik, wat hier gebeur het is dat Allah van hierdie gelowiges hul lewens en hul besittings gekoop het met die belofte van die Paradys*. Hulle veg vir die saak van Allah, en hulle maak dood en word doodgemaak: 'n opdrag en 'n belofte wat Allah gemaak en wat waar is soos gemaak in die Wet, die Evangelie en die Koran. En wie kan 'n ooreenkoms beter as Allah nakom? So, wees bly oor die transaksie wat julle hier aangegaan het, want dit is 'n groot prestasie. (*K48:10)

112. Daar is diegene wat berou het, diegene wat aanbid, diegene wat Allah prys, diegene wat vas, diegene wat in Aanbidding neerbuig, diegene wat in Aanbidding neerkniel tot laag op die grond, diegene wat dit wat Reg is beveel en dit wat Verkeerd is verbied: kortom, almal wat die bevele en opdragte wat deur Allah voorgeskryf het, in stand hou en nakom. Ja, gee aan die gelowiges wat hierdie kenmerke het, die goeie nuus van ongekende, onuitspreeklike seëninge: die seëninge van die Paradys.

Gelowiges mag net vir Ongelowiges en Assosieerders bid solank as wat hulle nog lewe en daar nog hoop is dat hulle Islam kan aanneem

113. Sodra as wat 'n Assosieerder sterf en dit duidelik word dat so iemand waarskynlik die Hel as eindbestemming het, dan mag die Profeet en die gelowiges nie meer namens die Assosieerder by Allah om vergifnis vra nie, selfs al was so iemand familie.

114. Die gebed van Abraham vir die vergifnis van sy vader was as gevolg van 'n belofte wat hy gemaak het dat hy vir sy vader sal bid.* Dit was voordat Abraham finaal besef het dat sy vader 'n vyand van Allah was: toe dit egter later vir hom duidelik word, het Abraham homself van sy vader onttrek. Waarlik Abraham het baie vir gelowiges gebid omdat hy soveel genade in sy hart gehad het. (*K19:47)

Allah verduidelik eers baie mooi die vereistes voordat Hy tot verantwoording roep

115. Allah laat nie 'n volk afdwaal van die Regte Weg af nadat Hy aan hulle leiding gegee het nie, en alvorens Hy aan hulle verduidelik wat hulle moet vermy, nie. Waarlik, Allah is Alwetend: Hy weet van alles af.

116. Die koninkryk van die hemele en die aarde behoort verseker aan Allah alleen. Hy gee lewe en bring die dood. En buiten vir Allah, het julle nie 'n ondersteuner of 'n helper nie.

117. Allah het verseker toegegee teenoor die Profeet, die Emigrante en die Ondersteuners wat hom in sy uur van lyding gevolg het met die oproep tot die Stryd by Tabuk. Net toe die harte van 'n ander groep van hulle op die punt was om verdraaid en slinks te raak deurdat hulle vir 'n oomblik geaarsel het, was Allah toegeeflik teenoor hulle omdat hulle tog by die eerste groep aangesluit het. (K9:102)

118. Allah het ook toegegee teenoor die laaste groepie van drie wie se saak uitgestel was en wie vir vyftig dae deur die ander Moslems geïgnoreer was, totdat die aarde vir hulle te klein geword het, groot soos dit is, en hulle selfs tot in hulle siele ingeperk gevoel het, en hulle besef het dat daar geen skuiling teen Allah is nie, behalwe in Allah. Toe het Allah na hom gedraai, sodat hy berou kon hê. Waarlik Allah is Meestoegeeflik, Baiegenadig.

119. Gelowiges, julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê en in die geselskap van die betroubares wees.

120. Dit was nie reg van die mense van Medina en van diegene van die Woestynswerwers wat in die omstreke van Medina gewoon het, om die Boodskapper van Allah in die steek te laat of om hul eie lewens bo syne te verkies nie. Dit is omdat 'n deugsame daad by hul rekening gevoeg word elke keer wat hulle dors of moeg of honger is of wanneer hulle in 'n plek instap en die ongelowiges daardeur woedend gemaak word of wanneer hulle 'n vyand oorwin. Allah vernietig nie die beloning van die deugsames nie.

121. En wat hulle ook al spandeer in die saak van Allah, bietjie of baie, of wanneer hulle 'n vallei oorsteek, dit word alles vir hulle opgeskryf, sodat Allah aan hulle die beste beloning kan gee vir dit wat hulle gedoen het.

122. Gelowiges moet nie almal tegelyk aan die Stryd wil deelneem nie, want daar is ander gelykwaardige verantwoordelikhede waarna ook omgesien moet word. Sal dit nie beter wees as 'n groep van elke afdeling gaan nie, en dan kan die wat agterbly hulle insig in- en begrip van Islam deur studie verbeter sodat wanneer die ander terugkom, daardie Kundiges hulle liefdevol en met die doel om hulle te beskerm, kan waarsku teen ongehoorsaamheid aan Allah, sodat hulle versigtig kan wees.

123. Gelowiges, in julle Stryd teen die ongelowiges moet julle eerstens daarop fokus om diegene wat naby aan julle is te beveg, selfs so naby as julle eie familie*, en wees baie streng** sodat hulle nie die idee kry dat julle swak is nie. Wees verseker dat Allah is met diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het. (*K26:214. **K48:29)

Geloof en kennis van die Koran wil mekaar versterk

124. Wanneer 'n Hoofstuk van die Koran geopenbaar word, dan sê sommige van hulle: "Wie van julle het gevind dat julle geloof versterk is daardeur?" Diegene wat glo se geloof is daardeur versterk, en hulle is baie bly want hulle vind dat hoe meer hulle glo, hoe meer beteken die Hoofstuk vir hulle en hoe meer dit vir hulle beteken hoe meer glo hulle.

125. Maar diegene met die siekte in hulle harte van ongeloof en

voorgee wat hulle nie is nie, die Hoofstuk laat hulle net toeneem in onreinheid bykomend tot hulle eie onreinheid, totdat hulle sterf as ongelowiges.

Gereelde beproewings en toetse wil sonde identifiseer en berou aanmoedig

126. Sien hierdie mense wat voorgee wat hulle nie is nie, soos hulle ongelowige medewerkers van Mekka, dan nie wanneer hulle jaarliks een of twee keer op die proef gestel word dat dit eintlik waarskuwingseine vir hulle is nie: en tog ten spyte daarvan het hulle nie berou nie, en hulle leer nie daaruit nie.

127. En wanneer 'n Hoofstuk dan openbaar word, dan kyk hulle vir mekaar so asof hulle sou sê: “Ek sien niemand wat ons sien nie, sien jy iemand?” En dan glip hulle weg onder die indruk dat niemand hulle sien nie. Allah het hulle harte weggedraai, want hulle is 'n volk wat nie verstaan nie.

Waar die hele hoofstuk grootliks handel oor die laaste uitweg naamlik Stryd teen die ongelowiges en diegene wat voorgee wat hulle nie is nie, sluit dit af met die eintlike motivering agter dit alles en die basiese funksie van Boodskappers

128. Waarlik, daar het 'n Boodskapper na julle toe gekom vanuit julle geledere, vir wie dit baie moeilik is om julle so te sien swaarkry want hy wil net hê dat dit met die hele skepping baie goed sal gaan daarom dat sy basiese funksie is om mense liefdevol en met deernis tot die Wil van Allah uit te nooi, en omdat hy veral met gelowiges liefdevol en genadig is.

129. Daarom dan wanneer iemand nie die Boodskap aanneem nie, en daarvan wegdraai, wees dan baie geduldig en vertrou Allah deur te verklaar dat: “Allah is vir my genoeg,. Daar is geen ander god as Hy nie. In Hom het ek my vertroue geplaas, en Hy is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Groot Troon wat die hele skepping omvat.”

Verse 128 & 129 is die laaste twee verse van die Koran.

Hierna is geen verse meer geopenbaar nie en is die Profeet oorlede.

“O my Allah,

gee my ook die insig dat ek sal onthou

dat enige Stryd vir U Saak altyd eers

begin by mooipraat en aanmoediging

om

U Waarheid te aanvaar en binne U Wil te bly,

alvorens tot die meer ekstreme,

ook steeds volgens U Wil,

oorgegaan word”